**Bybelse inspirasie vir ons getroue vrywilliger, vennoot en vriend**
**November 2011**

# "…there came a lion"… 1 Samuel 17:34



**Ons het almal dinge wat ons angstig of bang maak en daardie hol kol op die maag gee. Toe ek hierdie stukkie lees in"The best of the Word for today" het die Here my duidelik gewys dat ons moet opstaan teen ons vrese! Lees saam:** "God never said we wouldn't experience the all-too -real emotion of fear. But He keeps saying **"fear not."** Why?"Because He wants you to confront your fear. So while you're asking God to remove your mountain, He wants to give you the courage to conquer it! Remember in the old testament that while David was guarding his sheep "there came a lion"? In God's strength he defeated it, plus a bear, and later he overthrew the giant Goliath. That lion was just opportunity in disguise. If David had wavered or run, he'd have missed his chance to become king of Israel. **So when a lion comes into your life recognize it for what it is: an opportunity from God - and stand up to it"**



**'n Paar gedagtes rondom vrees en die "leeus" wat soms op ons afgestorm kom :**

**1. Gaan jy wegvlug of opstaan daarteen? :** Michel de Montaigne het gesê: "He who fears he shall suffer, already suffers what he fears" ...Jy kan van slagoffer na oorwinnaar verander deur jou vrese in die gesig te staar en nie voortdurend daarvan weg te vlug nie. Die Bybel sê in **2 Timoteus 1:7 "Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing"** Hierdie is so kragtig! Die Heilige Gees stel jou in staat om jou vrese("leeu")te oorwin en gee jou krag! Maak dié Skrif jou eie!

**2. Jou vrese verlam jou:** Vrese het 'n manier om aan te hou terugkom na jou toe en jou aan te val wanneer jy weerbaar is. Dis 'n deurlopende proses van opstaan daarteen want as jy dit gaan "ignoreer" gaan dit geleidelik jou geestelike, emosionele en fisiese gesondheid beïnvloed en selfs verhoudinge versuur.

**3.Goeie nuus: liefde verdryf vrees : 1Joh 4:18 "waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf die vrees, want vrees verwag straf en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie"** God se liefde is volmaak en Hy het 'n einde gemaak aan vrees deur Jesus te stuur om vir ons sondes te sterf. Daarom dryf liefde die vrees uit en hoef ons wie Jesus aangeneem het nie bang te raak vir die ewigheid of God se oordeel nie. **4. "Vrees-vegter-verse" om te memoriseer:** Die keuse is joune of jy jou wapenrusting teen die "leeus" gaan opneem of nie. Onthou die Woord van God is die swaard :

***Jesaja 41:10 "Moenie bang wees nie, want Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met My eie hand red Ek jou"**

***Spr 29:25 "As jy vir mense bang is, kan jy in 'n strik beland, maar as jy jou vertroue in die Here stel, is jy veilig"**

***Ps 27:1 "die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees? Die Here is my toevlug, vir wie sou ek vrees?"**

***Jesaja 43:1 "Moenie bang wees nie Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep jy is myne"** En dan kan ons natuurlik soos Nadine Blom se lied "Bang" saam met die kinders sing teen vrese:"Ek het raad vir jou, dis die beste raad, so kom luister gou! Jy sê net "Hey!Hey!"Luister na my!In die naam van Jesus Christus GAAN WEG!☺



**Hier is die maand se inspirasie uit die natuur: Watsonias wat nou blom in die Helderberg na die verwoestende brande in April. Die tekens van brand kan nog gesien word maar die ongelooflike mooi prentjie van hierdie blommeprag oorskadu dit alles. Ja, God is in beheer en as dit soms lyk of jy in die vuur gelouter word weet verseker dat jy gesnoei word om meer vrug te dra soos hierdie blom wat die gebrande plant toegegroei het! Geniet die warmer weer en langer dae in God se skepping, Hy wil jou ontmoet!**



**Dankie vir elkeen se insette in die Kaapse bediening: jou gebede, finansies, ondersteuning, omgee, word waardeer! Dankie ook aan ons gesinne ! Hou ons asb in jul gebede vir wysheid elke dag. Celeste Steinmann 082 322 5299**